UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE S.A.S. GEHOU OP 27 JUNIE 1940.

----------oOo----------

TEENWOORDIG: Ds. H.S.M. Botha, D.G. v.d. Merwe en J.G. Strydom.

Ds. v.d. Merwe open die Vergadering met gebed.

1. DANIE SMAL: BRIEF I/S REIS IN VRYSTAAT VIR SENDINGFONDSE:-

Die Uitv. Kom. besluit dat weens omstandighede nou, sy plan gladnie kan goedgekeur word nie, en dat hy daarvan moet afsien wat die Vrystaat betref.

2. OORLOGDIENS VAN SENDELINGE:

Dit word besluit dat die Sekretaris 'n skrywe sal rig aan die Kaap en verneem of hulle iemand wil saamstuur om Generaal Smuts te gaan sien in verband met oorlogdiens van Sendelinge.

3. MNR. J.H.C. VAN HEERDEN - WITZIESHOEK:

Dit is noodsaaklik dat daar 'n goeie verhouding sal wees tussen die Kommandant en ons Sending en dat 'n persoonlike onderhoud met ons besoek in die Hoek sal plaasvind.

4. DOKTER LIEBENBERG:

Dit word besluit om 'n Reglement met Dokter Liebenberg op te trek vir die Dokter, voor die S.A.S. Vergadering, wanneer weer oor die sake gespreek sal word.

5. In verband met Dokter de Jager, wat die werk doen terwyl Dr. Liebenberg op vakansie is, sal 'n deel van die reiskoste deur die Sending gedra word.

6. HUIS VAN DOKTER, WITZIESHOEK:

Dit word opgedra aan die Sekretaris om ondersoek in te stel in verband met die bou van 'n huis vir die Dokter, en by die volgende vergadering sal daaroor besluit word.

7. NORMAAL-OPLEIDINGSKOOL BLOEMFONTEIN:

Dit word besluitdat uitgevind sal word of die grond finaal verkry is en dan by Mnr. Smit of die gestemde som nie sal verval indien die saak uitgestel word en daarna word besluit om die bou van die skool vereers uit te stel.

8. BRIEF EERW. VISAGIE I/S ROLPRENT VAN SENDING:

Sy brief word voor die Uitv. Kom. gelê en dit word besluit dat sy versoek om ons rolprent in die Vrystaat te vertoon, nie goedgekeur kan word nie.

9. EERW. KOHN:

Dit word besluit om Eerw. Kohn toe te laat om vir 6 maande by Vredefort te gaan werk in die Sendinggemeente, as die werk vir hom aangebied word.

10. Dit word besluit om 'n brief van innige deelneming aan Mev. v.d. Merwe te rig, met die heengaan van haar eggenoot wat 13 jaar lank Sendingsekretaris van die Vrystaat was.

Die Vergadering word gesluit met gebed.

----------oOo----------